

19 November

Skrifgedeelte: Josua 1:1-18 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 1:5, 7

God se Woord en jou dagtaak

Josua, Moses se opvolger, word deur die HERE geroep om met die Israëliete die beloofde land binne te trek. Dit sou sy dagtaak – eintlik sy lewenstaak – wees om die land te verower en leiding aan die volk te gee (Jos 24:26-29).

Die dagtaak sou moeilik wees. Dit gaan stryd, manmoed en vasberadenheid vra. Daarom belowe die HERE sy heilvolle teenwoordigheid. Hy is die eintlike Aanvoerder in Josua se stryd (Jos 5:14). Saam met die HERE se belofte kom egter ook sy eis van gehoorsaamheid: In die uitvoering van sy dagtaak, moet Josua stiptelik gehoorsaam wees aan die hele wet – dit wil sê, ook die Tien Gebooie, wat Hy aan Moses gegee het. Josua se gehoorsaamheid aan God se Woord sal die voorspoed in sy dagtaak bepaal.

Jy as gelowige kan nie jou dagtaak en die uitvoering van God se Woord van mekaar losmaak nie – veral nie van God se Tien Gebooie nie. Die uitvoering van jou dagtaak is gewortel in jou liefde tot God en liefde tot jou naaste. Só leer die HERE se Tien Gebooie ons. Jy kán gehoorsaam wees, maar dit is alles genade: Jesus Christus was tot die dood toe gehoorsaam aan die wil van God – in jou plek. Die genade gaan selfs verder. God stuur sy Heilige Gees om jou geloofskrag, volharding en gehoorsaamheid te gee, want dit kos manmoed om jou dagtaak volgens God se Woord uit te voer, veral in die huidige koninkrykstyding waarin ons ons bevind.

Sing: Psalm 119:11, 12

Ds. RL Vorster (Emeritus)